

## 23 SPROEIBEMESTING MET MIKROSPUIITE

In die algemeen word sproeibemesting met mikrospruite net soos bemesting met die hand of met meganiese strooiers benader. Die verdeling van die stikstofbronne is presies dieselfde. 'n Ekstra verdeling mag geregverdig word in baie sanderige gronde ten einde doeltreffendheid te verbeter. Omdat 'n relatief groot volume grond en meestal dieselfde as met handtoedienings benat en bemes word, is die verdeling van N- en P-kunsmisstowwe, gips, magnesiumoksied en kalk dieselfde soos dit in Tabel 45 aangegee word. Laasgenoemde drie kan nie deur die besproeiingswater toegedien word nie.

Let daarop dat die beste fosforbron vir sproeibemesting met mikrospruite ook supers is wat gebandplaas moet word.

Sproeibemesting met kalium is die enigste uitsondering. Deur kaliumchloried of -sulfaat in klein porsies gedurende die hele lengte van die besproeiingsiklus toe te dien, word die kalium beter benut. Selfs in die gronde van die Sondagsriviervallei waar kalium moeilik opgeneem word, gee die metode beter resultate. Deur kaliumchloried deur die mikrospruite teen lae konsentrasies (100g per boom) aanhoudend (20 toedienings) toe te dien kon die konsentrasie kalium in die blare, ten spyte van ongunstige toestande in die grond (pHwater = 7,20, %K = 2,5), doeltreffend verhoog word (Tabel 46).

**Tabel 46.** Die invloed van aanhoudende toedienings van lae konsentrasies kalium op die blaarstatus van Valenciabome.

	<b>K% in blare</b>
1996	0,56
1997	0,74
1998	0,91
1999	1,24
2000	1,29
2001	1,44

Dit kom daarop neer dat net stikstof, kalium, swawel, yster en boor effektief deur sproeibemesting met mikrospruite toegedien

kan word.

Dien die kunsmis gedurende die laaste kwart van die siklus toe en volg dit op met net genoeg water om the pype skoon te maak.

Vir suksesvolle sproeibemesting met mikrospruite, moet die verspreiding van die water eweredig deur die hele eenheid wees. Indien die water oneweredig versprei word, word die fout vergroot deur die bemesting wat ook verkeerd toegedien word.